



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap  
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 25 Junie 2020

### Gedagte van die week:

Lyding as ervaring gaan verby, maar die ervaring van lyding gaan nooit verby nie, want dit verander vir altyd jou siening van die lewe en jou deernis teenoor ander.

### Vertrekpunt:

Psalm 13

### Meditasie uit die teks:

Jy kan maar self besluit of die Psalmskrywer se vyand net sigbare mense is wat hom wil vernietig en of dit dalk ook siekte, die onsigbare vyand, is. Ons weet mos in 2020 van hierdie onsigbare vyand vir wie ons probeer wegkruip agter ons maskers. Hoe dit ook al sy, die geloofsstryd waardeur hy gaan is algemeen. Dit begin by een of ander bedreigende lewenservaring en word opgevolg met 'n erge graad van bekommernis wat helder en rasonale denke amper onmoontlik maak. Alles gebeur op die gevoelsvlak van emosie. Ek voel alleen, ek voel verlate, ek voel vergete. As ek 'n gelowige is probeer ek ontsnap via gebed, maar dit word gewoonlik opgevolg met 'n depressie-skeppende stilte van God se kant af, en van my kant af, "dominee, my gebede steek vas teen plafon en muur". En wanneer 'n mens nêr emosioneel dink oor teenspoed dan loer die woede en bitterheid sommer gou by jou voordeur in. As jy ervaar in die geloof is, kan jy genadiglik die verwoestende emosionele uitbarsting wat gewoonlik daarop volg, vermy, omdat jy in plaas van op die bedreigende hede en toekoms te fokus, eerder fokus op jou Godsverlede. Jy weet uit ervaringskennis (nie kopkennis nie!) dat jy al voorheen op sulke plekke en tye was en jy weet, ja, jy weet jy is daardeur. En jy onthou dat geloof terugskouend werk ... jy moet net betyds terugkyk, dan sal jy onthou en weet. Terugskouende geloof help 'n mens vorentoe. Hierdie een kan jy maar neem!

### Youtubeskakel:

Hier is jou skakel na Sondag 28 Junie 2020 se reisgesprek. Jy is welkom

<https://youtu.be/o8Pksvjcm64>

### Meditasie uit die lewe:

Ek het in die grendeltyd saans kans gekry om saam met my vrou TV te kyk, nogal 'n vreemde voorreg vir hierdie dominee. So kyk ons Maandagaande om 20:00 na Huis Lelieveld. Die bestuurder van Huis Lelieveld is Ds Dou Droel. Ek vermoed dat dit eintlik moet lees, Ds Dou Drol. Hy is 'n rokjagter van formaat en sy kerkraad en hy is gedurig in mekaar se hare oor sy onbetaamlike gedrag. Hy loer gedurig na sy sekretaresse, Koekie de Lange, se kort rokkie. Sy hoofouderling, so lei 'n mens af, is ook maar stouterig. Na Huis Lelieveld is dit om 20:30 tyd vir Cas oppie Kassie. Ons kon uithou om vir twee of drie episodes daarna te kyk en het toe besef dat dit regtig nie goeie besteding van tyd is nie. In Cas op die Kassie is daar op die einde gewoonlik 'n insettel van Con-se-storie (lees: konsistorie). In hierdie insettel word die spot gedryf met die disfunksionele dominee en sy disfunksionele vrou en sy disfunksionele seun (wat bietjie baie na die skoolhoof lyk ....?) ensovoorts. Deur die jare raak 'n mens maar gewoon daaraan dat mense met dominees spot, en veral by troues, is die dominees gewoonlik betrokke in een of ander onder-die-belt grappie. Dit is nêr nie sô snaaks sonder die dominee nie. Op 'n dag was ek in 'n motor saam met 'n bekende politieke kommentator op pad na 'n skoolhoofde-seminaar, waar ons kort na mekaar sou optree. Tydens die rit het hy my gevra wat ek doen vir 'n lewe, en toe hy hy hoor dat ek 'n dominee is, het hy nie weer 'n woord met my gepraat nie. Ek het na sy aanbieding geluister, maar toe ek opstap om myne aan te bied, het hy uitgeloop en agter die verhoog gaan koffie drink. Ek hoor hom nog gereeld op RSG. Dominees weet ook van professionele en sosiale diskriminasie. Die laaste tyd dink ek dat ek dalk op 'n straathoek moet gaan staan met 'n plakkaat, "Dominees Maak Saak!" Maar ek sal liever dat my lewe saak maak, geweldloos en respekvol, gewoonlik en meestal daar waar net een ander mens dit sien en ervaar! Nêr God bepaal my waarde en nêr ek gee betekenis aan my lewe. Niemand anders nie. Dit is sô lekker om vry te wees!!!

### Getuienis uit die gemeente:

Ek ontvang na aanleiding van ons teks van die week die volgende van Advokaat Alan Nelson wat 'n kundige op die gebied van mediasie is. Hy skryf: "Ek het gister se meditasie gemis en vanoggend 'n preek op Youtube geluister oor Psalm 13. Ons sit as bemiddelaars dikwels met die probleem dat mense nêr met hulle emosies

*'dink' en dan irrasioneel optree, dikwels tot hulle eie nadeel. So hierdie boodskap het vir my sin gemaak. Dit is skynbaar wetenskaplik bewys dat mense die emosionele fase moet verbygaan voordat hulle rasioneel kan optree. Hierdie boodskap het my laat beseft dat dit 'n Godgegewe gawe is om daardie sprong te kan maak. Liefde, om verskoning vra en vergifnis, is dikwels die sleutel tot rasonele denke. Almal gawes van God aan ons as mense". Dankie Alan, dit is só waar!*

### **Weeklikse groepmeditasie**

Ons doen ons weeklikse groepsmeditasies tydelik via Zoom. Die meditasies vind gewoonlik plaas op Woensdae om 09:00 en 18:30. As jy aan hierdie Zoom-weergawes daarvan wil deelneem moet jy asseblief 'n epos stuur vir Toit Wessels by [toit.wessels@hotmail.com](mailto:toit.wessels@hotmail.com) voor of op die voorafgaande Maandag. Dui ook net aan of jy die oggend of aand wil bywoon.

### **Uitnodiging**

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Bel en nooi ons uit. Kom kuier in ons spreekkamers ... ons kan in die een-tot-een situasie regtig die risiko tot die absolute minimum bestuur. Vanaf 1 Junie is ons wel essensiële werkers en mag ons mense te woord staan. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming by die nuusbrieff wíl insluit sodat my en Toit se stemme nie al is wat gehoor word nie. Hierdie is nou 'n ideale geleentheid vir 'n wyer luister na mekaar.

**As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [jin1@telkomsa.net](mailto:jin1@telkomsa.net)**